

Donderdag 23 November

Skrifgedeelte: 1 Petrus 3:13-17

Fokusgedeelte: 1 Petrus 3:15

Gee ook aan die burgerlik ongehoorsame rekenskap oor die hoop wat in jou leef

Petrus het die realiteite van ons sondige samelewing geken. Ook die samelewing waarin burgerlike ongehoorsamheid hoogty gevier het. Daarom dat Petrus die gelowiges aanmoedig om die goeie te doen, selfs wanneer andere kwade dinge bedink en doen.

Die retoriese vraag in vers 13 geld onder alle omstandighede: *Verder, wie sal julle sleg behandel as julle julle beywer vir wat goed is?* (AFR2020). Deur hierdie vraag wil die Here ons aanmoedig om die bouse sirkel waarbinne mense altyd na die kwaad neig, te breek. Ook die bouse kringloop wat burgerlike ongehoorsamheid volg, moet deur die goeie en regte optrede deurbreek kan word.

Die regte optrede waarmee ons die samelewing en die sondige in die samelewing tegemoet moet gaan, is om altyd 'n lewe van heiligmaking na te jaag. Dit moet ons opval hoe 'n groot deel van hierdie eerste brief van Petrus juis oor 'n lewe van heiligmaking handel. Ons moet in al ons handel en wandel daarna streef om heilig te wees, want God is heilig (vgl. 1 Pet. 1:15-16).

Om heilig te lewe, is alleen moontlik as die Here God ook in ons harte geheilig word. In dié konteks verwys Petrus ook na die gelowiges as 'n heilige priesterdom (1 Pet. 2:5) en ook 'n heilige nasie (1 Pet. 2:9). As ons hierin geheilig word en dat ons self hierdie heiligheid moet uitleef, dan is ons doelbewus anders ingestel as die burgerlike ongehoorsame mense rondom ons.

Dit is teenoor hierdie burgerlik ongehoorsame mense wat ons gereed moet wees om ons te verantwoord oor die hoop wat in ons leef. Om jou te verantwoord, kom daarop neer dat ek verby my vrese sal kom en my nie sal laat intimideer nie. Ons geloof sal aktief daarop ingestel wees om die hoop wat in ons leef, na alle kante uit te dra. Die vrees waarmee die burgerlike ongehoorsame mens ons wil intimideer, word dan opsygesit, want ons weet ons is reeds deur Christus eenkant gesit. Om aan Hom geheilig te lewe, beteken om vir Hom eenkant gesit te wees.

Sing: Psalm 2-1: 6

Dr. PJ Venter (Petrus) (Postmasburg)